AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Videograaf en -redigeerder*

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ŉ pos vir ŉ videograaf en -redigeerder in die Bemarking en Kommunikasie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in Centurion, Gauteng gesetel.

## POSDOELSTELLING

Die videograaf en -redigeerder is verantwoordelik vir die beplanning, verfilming en redigering van ŉ verskeidenheid videobeeldmateriaal volgens bestepraktykstandaarde.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Om toerusting na te gaan vir goeie werking, bemarking- en institusionele video's te verfilm in die ateljee of by spesifieke liggings.
- Om video's te redigeer en visuele elemente by te voeg en goedkeuring vir die afhandeling van video's te verkry.
- Om op hoogte te bly van Akademia se handelsmerk- en kommunikasiestrategie sowel as nuwe innoverende videografietegnieke/-tendense en -stelsels.

## POSVEREISTES

- ŉ Sertifikaat/diploma in videografie (NKR-vlak 6).
- ŉ Minimum van drie jaar se toepaslike ervaring.

## VAARDIGHEDE

- Die ideale kandidaat moet werk van goeie standaard lewer, gestruktureerd en noukeurig binne ŉ bepaalde tydraamwerk funksioneer en aan regulatoriese en wetgewende vereistes voldoen.
- Kennis en ondervinding in klankvermenging (regstreeks, pre- en postproduksie), regstreekse uitsendings en animering sal in jou guns tel.

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Kandidate word versoek om ŉ videoportefeulje by hul aansoek aan te heg om vir die pos oorweeg te word. Aansoeke moet voor of op **5 August 2025** ingedien word. Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.